Hoekom? En Hoe?

Hoekom droë Brood en Wyn?

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 1 November 2025

’n Groep entrepreneurs het ’n kroeg reg oorkant ’n kerk oopgemaak. Die mense in die kerk is nie gelukkig nie.

Hulle wil nie hê die kroeg moet so naby die kerk wees nie.

Die lidmate probeer alles in hulle vermoë om die proses te stop. Hulle stel petisies op, sit plakkate op en loods selfs gebedsaksies op Saterdagoggende om teen die oprigting van die kroeg te bid.

Hulle kom weekliks bymekaar om teen die kroeg te bid. Maar die kroeg het oopgemaak, en hulle het volhard.

Een aand is daar ’n groot storm in die dorp. ’n Weerligstraal tref die kroeg, en dit brand tot op die grond af. Alles is verwoes.

Die kerk is natuurlik baie bly, maar die kroegeienaars is nie so gelukkig nie. Hulle besluit om die kerk te dagvaar oor die skade wat deur die weerlig aangerig is.

Hulle verskyn in die hof. Die kerkleiers belowe hoog en laag dat hulle niks te doen gehad het met die feit dat die kroeg afgebrand het nie. Hulle was hul hande in onskuld.

Op ’n stadium, terwyl die saak beredeneer word, sê die kroegeienaars: “Die kerk het elke Saterdag bymekaargekom en gebid. Hulle het aksies geloods om ons te keer.” En die kerk hou vol: “Ons het niks met die weerlig te doen nie.”

Op ’n stadium steek die regter sy hande in die lug en sê: “In my lewe het ek nog nooit gesien dat ’n groep ongelowige mense meer glo in die krag en uitwerking van gebed as die kerk self nie …”

Hierdie storie ontbloot ’n groot waarheid: die groot skeiding in ons lewe tussen ons “geestelike lewe” en die “normale lewe”.

“Ons het niks te doen gehad met die afbrand van die kroeg nie …” Ek wonder wat hulle sou antwoord as die prokureur gevra het: “Maar het julle nie gebid nie?”

Baie keer maak ons hierdie skeiding tussen wat “geestelik” is en die normale verloop van die lewe. Hierdie twee dele raak soms amper nie aan mekaar nie.

Braai: ’n geestelike byeenkoms

’n Geloofsgewoonte of ritueel is iets wat ons doen. Maar het hierdie geloofsgewoontes en sakramente werklike implikasies in ons alledaagse lewe? Of laat ek dit so vra: Glo jy dat dit implikasies in jou alledaagse lewe het? Wat as dit juis ’n raakpunt tussen die natuurlike en die bonatuurlike in ons alledaagse lewe is?

Vir die volgende paar weke vra ons: Hoekom en hoe? Ons gaan kyk na die twee sakramente en drie belangrike geloofsgewoontes om opnuut die onmeetbare diepte en seën van basiese geloofsgewoontes te herontdek.

In die Ou-Testamentiese wêreld was die alledaagse nie van God of die gode geskei nie. Die huis, die tafel, die kinders, en die begin en einde van die dag was alles plekke waar God deel van die lewe was. Vir die Israeliete was God se wet en koningskap ’n gedeelde maatskaplike raamwerk waarbinne hulle geleef het.

Daarom sê Deuteronomium 6:4–9 nie net: “Dink aan God wanneer jy aanbid” nie. Nee, dit plaas die woorde van God in jou huis, op pad, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan. Geloof is nie net iets wat jy in jou binneste glo nie; dit word in jou liggaam, jou gewoontes en jou huis ingeoefen.

Dit is publiek, nie net persoonlik nie. Maar soos die wêreld meer sekulêr geword het, het daar ’n duidelike skeiding gekom: sekere dinge is kerk, sekere dinge werk.

Dink net aan die woordassosiasies wat ons maak; dit wys hoe dinge verander het. As ek die woorde “geestelike byeenkoms” sê, wat is die eerste gedagte wat by jou opkom? Onmiddellik dink jy aan ’n kerkbyeenkoms. Jy sal nie maklik ’n braai as ’n geestelike byeenkoms beskou nie. Maar Paulus herinner ons

in Romeine 12:1 daaraan dat ons fisieke, alledaagse lewe—die plek waar my liggaam is—deel is van my geestelike reis.

Romeine 12:1 (AFR53)

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens.

Jou redelike godsdiens is om bewus te wees van die werklikheid dat waar my liggaam is, daar meer is as dit wat ek net met my oë kan sien.

1 Korintiërs 6:13, 15 (LB)

“Ons het ’n liggaam om die Here mee te dien, en van sy kant af sorg die Here vir ons liggaam … Besef julle nie dat julle liggame so aan Christus verbind is asof dit sy eie liggaamsdele geword het nie?”

Ons liggame is aan Christus verbind. Die bonatuurlike is aan die natuurlike gekoppel; dit kan nie van mekaar geskei word nie. Dink aan daardie beeld: my hande, my oë, my lippe. Wat hierdie hande doen, wat hierdie oë sien en wat hierdie mond sê—dit is aan Hom verbind.

Met hierdie liggaam leef ek my geloof. Maar hoekom gee Jesus juis hierdie gewone, tasbare rituele vir ons? Hoekom iets soos droë brood en wyn?

Om by die antwoord uit te kom, moet ons eers raaksien wat stories, beelde en rituele aan ons as mense doen.

Stories en metafore, kuns en poësie is baie belangrik vir ons as mense, want dit maak dimensies oop wat woorde alleen nie kan oopmaak nie.

Jy sien ’n kunswerk wat met jou praat. ’n Stuk poësie neem jou na ’n dieper plek. Jy hoor dalk ’n storie, en skielik verstaan jy iets beter.

Daarom het Jesus prentjies met stories geskep: gelykenisse. Hy gee ons ’n prentjie om iets so abstrak en multidimensioneel soos die koninkryk van God tasbaar te maak.

’n Derde van alles wat Jesus gesê het, was gelykenisse—prentjies, stories. Dit help ons.

Stories, metafore, rituele en sakramente het die vermoë om dinge oor te dra wat taal alleen nie kan doen nie.

C. S. Lewis skryf:

“The value of myth is that it takes all the things we know and restores to them the rich significance which has been hidden by the ‘veil of familiarity.’”

— C. S. Lewis, On Stories and Other Essays on Literature, p. 90.

Daar is ’n skat wat ons in die gewone dinge kan vind—dinge wat ons so gewoond is om te hoor en te doen—as ons toelaat dat die “veil of familiarity” verwyder word. Dan vind ons die skat.

’n Antieke Joodse tradisie

Dit is daarom belangrik om te onthou dat Jesus ’n Jood was.

In die antieke Joodse tradisie is daar twee elemente wat deurentyd in balans gehou word. Die eerste is Halakhah, wat basies die wette en etiese kodes behels. Dit word ook na verwys as hulle lewenswyse. Maar vir enige Jood behels dit soveel meer as net die wet. Dit gaan oor die uitleef van die verbond wat God met die volk Israel gesluit het in die alledaagse lewe, want daarin lê die volheid van lewe vir hulle.

Aan die ander kant is daar Aggadah, wat stories, gelykenisse en legendes bevat, asook die oorvertel van hulle geskiedenis. Die doel van Aggadah is om te onthou.

Albei hierdie elemente is noodsaaklik vir hulle om hul wêreld te interpreteer en te verstaan. Dit is wat stories en rituele doen: dit is soos die gom wat ’n groep mense bymekaarbring. Die antieke Joodse tradisie was vol stories en rituele om juis hierdie groot waarhede te onderstreep: wie hulle was en wie God vir hulle was.

Die ritueel was soos ’n stuk poësie: dit vertel ’n storie van ’n groter waarheid.

Dink net aan die rituele offers. Ons kan onsself nie red nie; daarom moet hierdie dier vir my sonde boet. Elke keer as hulle die onskuldige dier doodmaak, word die besef wakker: “Ek het ’n Redder nodig.” Dink net wat in jou gebeur as jy hierdie beeld ter harte neem.

Omdat dit so ’n sentrale deel van hulle lewens was, was hulle bewus van hulle nood aan ’n Redder. Daarom het almal gepraat van die Messias wat sou kom.

Natuurlik kan ’n ritueel net ’n tradisie word. Jesus het baie daaroor gepraat: wanneer die waarheid agter die ritueel wegraak en die ritueel self die belangrike deel word. Maar meer daaroor later.

LEGO

Rituele help ons verstaan. Dit help ons onthou en die groter prentjie sien.

Toe my seun baie jonk was, het hy een jaar LEGO vir sy verjaardag gekry. Sy opgewondenheid het baie vinnig in teleurstelling verander toe hy sien dat dit wat in die boks was, nie was wat op die prentjie was nie.

Die prentjie wys ’n vliegtuig, maar binne-in is daar ’n klomp klein stukkies.

Vir my is dit natuurlik ’n fees: jy haal die boekie uit, en hierdie instruksies wys jou stukkie vir stukkie wat om te doen.

Soos jy bou, lyk dit op daardie oomblik nie asof dit wat jy nou doen, binne die groter konteks gaan werk nie. Hoe gaan hierdie deel en daardie deel die groter prentjie voltooi?

Op ’n stadium lyk dinge nie reg nie; dan kyk jy na die prentjie voor op die boks om jou te inspireer. Die groter prentjie wys jou dat jy op die regte pad is. Die klein dinge kry sin in die konteks van die groter prentjie.

Maar die teendeel is ook waar: as jy net die groot prentjie het en die boks oopmaak, kan al hierdie klein deeltjies jou oorweldig. Wat maak ek hiermee as ek nie die instruksies het nie?

Jy het albei nodig: die instruksies vir elke dag én die groot prentjie. Halakhah en Aggadah.

Jesus weet hoe nodig ons hierdie balans in ons lewe het. Ons vergeet. Ons geloof leef net in ons gedagtes en nie in ons liggaam nie. Dit het amper geen daaglikse invloed op ons lewe nie. Daarom het Jesus hierdie twee sakramente vir ons gegee:

1. Die Nagmaal
2. Die Doop

Twee fisiese handelinge om ons te help onthou wat ons glo en dit liggaamlik te beleef. Dit bring ons geloof uit ons gedagtes alleen na ons hele wese.

Die rede waarom hierdie sakramente gegee is, is dat dit twee fisiese handelinge is wat Jesus self vir ons gee om te doen. Wanneer die waarheid wat in hierdie handelinge lê in ons hele wese ’n werklikheid word, beleef ons daar die raakpunt tussen die bonatuurlike en die natuurlike.

Die eerste groot vraag: Hoekom droë brood en wyn?

Wel, die kort antwoord is: die Here ontmoet ons nie net as gedagtes nie. Ons is mense wat met ’n liggaam geskape is. Ons word honger; ons eet; ons sit aan tafels. Ons geloof word in hierdie liggaam geleef.

Ek hou van hoe C. S. Lewis dit stel:

“There is no good trying to be more spiritual than God. God never meant man to be a purely spiritual creature. That is why He uses material things like bread and wine to put the new life into us. We may think this rather crude and unspiritual. God does not: He invented eating. He likes matter. He invented it.”

— C. S. Lewis, Mere Christianity.

Maar buiten die fisiese handeling is brood en wyn ook nie sommer lukrake illustrasies nie. Jesus breek die brood in ’n bepaalde konteks.

Hierdie laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels eet, is tydens die Pasga—die Joodse fees wat Israel herinner het: Ons het onsself nie uit Egipte bevry nie; God het ons bevry.

In die atmosfeer van hierdie viering neem Jesus die brood van die tafel—’n heeltemal gewone ding wat op so ’n Pasgatafel sou wees—en die beker wat daar vir Hom gereed gestaan het. Dan sê Hy:

Lukas 22:19–20 (NLV)

Jesus het ook brood geneem, ’n dankgebed uitgespreek, dit in stukke gebreek en vir hulle gegee terwyl Hy sê: “Dit is my liggaam wat ter wille van julle gegee word. Gebruik dit ter herinnering aan My.” Hy het dieselfde gedoen met die beker ná die ete en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, bevestig deur my bloed, wat ter wille van julle uitgegiet word.”

Daardie woorde dra die gewig van die Bybel se verbondstaal, wat die dissipels goed geken het. By Sinai word daar gepraat van “die bloed van die verbond” (Eksodus 24:8). Jeremia belowe ’n nuwe verbond (Jeremia 31:31–34).

In daardie oomblik bring Jesus sy naderende dood in die middel van daardie verhaal en verkondig Hy dat Hy sy lewe vir ons gee; deur Hom begin die nuwe verbond.

Maar Jesus het omtrent ’n jaar vroeër, ook naby die Pasga, hierdie beeld by hulle wakker gemaak.

Johannes 6:51 (AFR83)

“Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe.”

Johannes 6:53 (AFR83)

Maar Jesus sê vir hulle: “Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.”

“We taste the new creation on our tongues, in our lips, in our mouths, in our bodies.”

— N. T. Wright, “Word and Sacraments: The Eucharist” (lecture, Calvin University, 6 January 2007).

Jesus koppel die bonatuurlike aan die natuurlike in hierdie handeling. Hy nooi sy dissipels om dieper te kyk en na binne te kyk.

In Lukas 24 lees ons van twee mense wat op pad was van Jerusalem na Emmaus, waar hulle gebly het. Jesus stap saam met hulle, maar hulle besef nie dat dit Jesus is nie. Ná ’n lang gesprek op pad nooi hulle Hom daardie aand na hulle huis toe. Kyk wat gebeur op daardie oomblik:

Lukas 24:30–31 (AFR83)

“Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.”

Hulle oë het oopgegaan. Jesus gebruik dieselfde woorde as by die instelling van die nagmaal. Lukas maak die eggo tussen die twee maaltye duidelik.

Die teks sê nie dat die twee Emmausgangers Jesus herken het omdat hulle die woorde van die Laaste Avondmaal onthou het nie. Lukas beklemtoon eerder wat by die nagmaal gebeur.

In die breking van die brood sien ons wie Jesus werklik is. Ons oë gaan oop vir wat Hy werklik vir ons gedoen het.

Jesus se opdrag is: “Gebruik dit ter herinnering aan My.”

Lukas 22:19 (NLV)

“Dit is my liggaam wat ter wille van julle gegee word. Gebruik dit ter herinnering aan My.”

“This is my body, which is given for you. Do this in remembrance of me.”

— Luke 22:19, ESV.

Paulus skryf ook oor hierdie oomblik en gee ’n verdere verduideliking:

1 Korintiërs 11:25 (AFR53)

“Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.”

“This cup is the new covenant in my blood; do this, whenever you drink it, in remembrance of me.”

— 1 Corinthians 11:25, NIVUK.

Die onthou, die herinnering, is wat moet gebeur sodat ons Hom kan sien. Ons is gemaak om vanuit hierdie koppeling tussen die bonatuurlike en die natuurlike te leef.

Jesus weet hoe nodig ons sulke fisiese handelinge het sodat ons nie vergeet nie. Daarom was die nagmaal ’n sentrale deel van die vroeë kerk se byeenkomste.

Handelinge 2:42 (AFR53)

“En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.”

Paulus maak dit ’n sentrale deel van saamwees. As dit nie vir die kruis was nie, was daar geen rede om saam te kom nie. Daarom herinner hy hulle aan wat Jesus gedoen het. Dit was nie net deel van hulle kerkbelewenis nie; dit was die rede daarvoor.

“Kannibalisme”

Die nagmaal was so ’n sentrale deel van die eerste kerk dat mense wat teen die kerk was, die kerk van kannibalisme beskuldig het oor die taal wat hulle gebruik het wanneer hulle van hulle byeenkomste gepraat het: “Ons eet sy liggaam en drink sy bloed.”

Ek verstaan dit, want dit klink vreemd. Maar dit wys hoe belangrik hierdie ritueel vir hulle geword het: om te onthou.

Maar as die ritueel die belangrikste deel word, mis ons die punt.

’n Waarskuwing

Wanneer Jesus sê: “Eet my vlees en drink my bloed,” gebruik Hy ’n skokkende beeld om te sê: Ontvang My. Dit is wat agter die handeling lê. Vertrou op My as die Seun wat die Vader gestuur het en wat sy lewe vir die wêreld gee. Bly in My en leef uit My. Soos kos jou laat lewe, so moet Ek die bron wees. Dit is meer as om net te weet wie Ek is; dit is om tot die besef te kom dat ek sonder Hom dood is.

Pas dus op dat dit nie net ’n leë ritueel word nie. Dit is soos Jesus se aanklag in Matteus 15:8, waar Hy die profeet Jesaja aanhaal:

Matteus 15:8 (AFR83; vgl. Jesaja 29:13)

“Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af.”

Dit is presies die gevaar waarteen Paulus waarsku:

1 Korintiërs 11:27 (AFR53)

“Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.”

Let op: hy sê nie daar is mense wat waardig is en mense wat onwaardig is nie. Die woord beskryf die manier waarop hulle eet en drink.

Die konteks waarin Paulus hierdie stelling maak, is die gemeente in Korinte, waar party mense vooruit geëet het, party dronk geword het en ander honger gebly het. Hulle het brood gebreek en die beker gedrink, maar mekaar behandel asof hulle nie aan dieselfde Here behoort nie.

Hulle het die ritueel gevolg, maar hulle optrede het die boodskap van die ritueel weerspreek.

Daarom sê Paulus:

1 Korintiërs 11:28 (AFR53)

“Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.”

Dit is die uitnodiging van hierdie oomblik: dat die waarheid soos ’n spieël voor my staan. Hierdie selfondersoek beteken nie dat ek moet vra: “Is ek goed genoeg om Jesus se genade te verdien?” As dit die maatstaf was, sou niemand die nagmaal kon gebruik nie.

Die uitnodiging beteken eerder dat ek na die nagmaal kom, sien wat in my binneste is, dit voor Hom bely, my bekeer, wegdraai van dit wat ek sien en my lewe oorgee. En dit moet ek gereeld doen. Dit is ’n voortdurende bekering.

Paulus se waarskuwing is ernstig. Die nagmaal is nie ’n leë gebaar wat ons kan uitvoer sonder diep selfondersoek en belydenis nie. Die doel van die ritueel is om ons aan die dieper uitnodiging te herinner.

Hoe meer ons dit doen en toelaat dat dit ons taal word, hoe meer verander dit ons manier van leef. Ons begin Jesus en sy genade in ons alledaagse lewe raaksien. Die gewig van wat Hy vir ons gedoen het, raak tasbaar in ons lewe.

Jon D. Levenson beklemtoon hoe belangrik hierdie soort ritueel is en hoe nodig ons het om dit aanhoudend te doen:

“We need to beware . . . of shallow talk about ‘empty rituals.’ To be sure, rituals can indeed become empty, performed habitually and thoughtlessly, without regard to their meaning and the ethic that is supposed to be associated with them. The prophets of Israel were unstinting in their condemnation of just that sort of pro forma religion. But it is also important to remember that, like other habitual behaviors, rituals are hardy—like habits, difficult to break—and thus likely to survive the spiritual dry periods when faith and feelings are just not there. The ritual without the theological truth to which it bears witness, the act without the affect, can come alive—the empty ritual can be filled up—when the dry period passes. Indeed, the very existence of the ritual can help the spiritual dryness pass from the scene. Conversely, when the ritual is no longer observed, the likelihood declines that the message with which it is associated will survive.”

— Jon D. Levenson, The Love of God: Divine Gift, Human Gratitude, and Mutual Faithfulness in Judaism.

Dit herinner ons.

Die tweede groot vraag: Hoe?

Wel, die belangrikste is die konstantheid, want dit help ons om vas te staan in die tye wanneer ek nie weet hoe nie. Wanneer ek nie woorde het nie, wanneer ek nie krag het nie, help die ritme van die ritueel my.

Rituele van buig, kniel en hande opsteek, en veral die sakrament van die nagmaal, is simbole wat ’n baie dieper, groter geestelike waarheid in ons lewend maak. Dit nooi ons om bewus te word van hierdie raakpunt tussen die natuurlike en die bonatuurlike.

En soos C. S. Lewis sê:

“The command, after all, was Take, eat: not Take, understand.”

— C. S. Lewis, Letters to Malcolm: Chiefly on Prayer.

Aan die einde van ons tyd saam gaan ons die ritueel volg wat ons elke week hier by Eden Gemeente doen.

“Ritual is physical poetry.”

— toegeskryf aan Rob Bell

Ons gaan dus vanoggend ’n stuk poësie beleef in die ritueel.

Luister wat skryf Eugene Peterson oor die hoe van poësie:

“We cannot speed-read a poem. A poem requires rereading. Unlike prose which fills the page with print, poems leave a lot of white space…There is a lot to see, to feel, to sense. We sit before the poem like we sit before a flower and attend to form, relationship, color. We let it begin to work on us. When we are reading prose we are often in control, but in a poem we feel like we are out of control… In prose we are after something, getting information, acquiring knowledge… But in poetry we take a different stance. We are prepared to be puzzled, to go back, to wait, to ponder, to listen. This attending, this waiting, this reverential posture, is at the core of the life of faith, the life of prayer, the life of worship, the life of witness… Read it again, read it again, read it again.”

— Eugene Peterson, Subversive Spirituality, p. 180.

Kom ons gebruik die nagmaal saam.

1 Korintiërs 11:23b–26 (AFR83)

Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

“There is a lot to see, to feel, to sense. Let it begin to work on you…”

— Eugene Peterson, Subversive Spirituality, p. 180.

Die nagmaal beklemtoon herinnering, belydenis en verkondiging.

Die brood en wyn is werklik voedsel vir ons liggaam, op ’n manier waaroor ons verwonderd kan staan.